## BOEKBESPREKINGS

Elton, G. R.: *Political History, Principles and Practice*. Pp. 184. Basic Books, Inc. Publishers, New York, Londen, 1970.

Prof. Elton is 'n bekende historikus van die Universiteit van Cambridge. Hy het etlike boeke oor die Britse politiek in die Tudor-tydperk geskryf. In 1967 het sy *The Practice of History* verskyn, 'n uitstekende, geknopte inleiding tot die historiese metode en die metode van universitêre geskiedenisonderrig. Die skrywer het in sy *Political History, Principles and Practice* verder ingegaan op die metodes, doeleindes en moontlikhede van die politieke geskiedenis as wetenskaplike dissipline, wat slegs kortliks in sy *The Practice of History* aangeraak is.

Wat Elton beweeg het om hierdie studie te onderneem, is die huidige kritiek op die politieke geskiedenis, naamlik dat dit outyds, en oninteressant is, dat dit 'n te beperkte gedeelte van die menslike ervaring behandel en daarby mank gaan aan diepte, oppervlakkige antwoorde gee, en bloot verhalend is. Dit is met ander woorde „onwetenskaplik", „impressionisties" en onderworpe aan die vooroordeel van die historikus — hy vertel slegs *sy* verhaal en bring dus onsekerhede mee. Prof. Elton besef dat politieke geskiedenis vandag onder 'n wolk van vooroordeel verkeer en daarom neem hy die handskoen op en val die stelling aan dat die politieke geskiedenis vandag nie meer die belangrike en oorheersende plek in die historiese navorsing behoort te beklee soos dit die geval vroeër was nie. Hy kom met oortuigende bewyse na vore dat hierdie stelling nie kan standhou nie.

Hy toon aan dat verhalende geskiedenis ook nog 'n plek in die geskiedskrywing verdien; geskiedenis hoef nie net ontledende geskiedenis te wees nie, vertelling en ontleding kan mekaar afwissel. Hy konkludeer: „History is the study of mankind's fortunes through the ages, and if it cannot be told as a story it can no longer be history. No one, to say it once more, wishes to write down analysis; the study of problems, the dissection of situations, these are essential parts of every historian's task. Yet he has not fully achieved his purpose unless he has also assimilated his knowledge of the past into a tale, a piece of narrative progressing through time".

Die skrywer gee suiwer definisies van wat politieke geskiedskrywing is soos byvoorbeeld „Political history is the history of politics, and politics are the activities of men in society . . . Insofar as men are social, they *are*; as political beings they *do*. Therefore, political history is the study of that dynamic activity in the past experience of human societies which has direct revelance to the organizational aspects of those societies . . . The story of politics is essentially one of conflict, or at least interaction . . . The history of politics is the history of men adjusting to one another and to their society, but also the history of societies coexisting in active contact . . . " Maar genoeg van definisies. Vir Elton hou diplomatieke, militêre, konstitusionele en administratiewe geskiedenis en die geskiedenis van die politieke denke ook ten nouste verband met die politieke geskiedenis en die verwantskap teenoor hulle word aangedui. In wyere verband is hierdie boek 'n kritiek op die Franse *Annales*-skool van geskiedskrywers, die „new history" en die sosiale wetenskappe wie se bevindinge al meer bots met die ervaringe van die verlede. Deurdat hulle in die geskiedenis delwe, verkry die sosiale wetenskappe al meer 'n historiese dimensie.

Dit is 'n leesbare boek hierdie en as van die huidige oorsese geskiedskrywers 'n studie hiervan maak, sal hulle minder geneigd wees, om, waar dit Suid-Afrika raak, „aktivisties" te skryf met die doel om te wil „verander", waardeur hulle geskiedskrywing die slagoffer word van ideologiese vooroordeel.

F. A. van Jaarsveld.

Orpen, Neil: *The Cape Town Highlanders, 1885-1970.* Published by the Cape Town Highlanders History Committee and printed by the Cape and Transvaal Printers, Cape Town.

This regimental history is, in many respects, a satisfying book. The story of the Cape Town Highlanders is adroitly woven into the background of the military history of South Africa during the last 85 years. It is not merely a history of campaigns, but in every sense of the word, the complete story of one of our oldest voluntary regiments, and will remain for all time a standard work of reference.

In 1896-97 the Cape Town Highlanders saw service in the now, almost forgotten, Bechuanaland Campaign. The regiments battle honours, starting with this little known campaign, reads almost like a catalogue of the various wars and campaigns in South Africa and beyond its borders. We follow the regiment through the South African War, the South West Campaign, the Western Desert and Italy up to the climax at Monte Sole.

This book sheds light on the lesser known facets of regimental history — training camps, parades, promotions and the pageantry and pomp asssociated with the opening of Parliament and other state occasions. What is more, the story is brought as up to date as possible — right down to 1970 in fact.

The book is well illustrated. The regimental colours of the Highlanders forms the frontispiece, and the oldest photograph dates from the year of the founding of the regiment in 1885. Numerous excellent maps illustrate the actions in which the Highlanders took part, and in the map on page 165 a minor error in the official history, "Crisis in the Desert" is corrected.

I have but one complaint, and that a minor one. The list of abbreviations could perhaps, especially for those of us not well-versed in military honours, have been expanded to contain the various decorations cryptically referred to. It took me quite some time to equate JCD with the John Chard Medal for long and meritorious service.

The list of sources appears, at first sight, to be disappointing and meagre. Security reasons prevented the author from citing the various archival groups in the South African Defence Force. Judging from the contents of the book, however, and comparing the narrative with the identified sources, it becomes clear that a very great amount of research was in fact done on Defence Force Archives. Naturally, the last chapters of the book give references mainly to newspapers and the Government Gazette. A source which should perhaps have been consulted, at least as far as the Bechuanaland Campaign of 1896-97 is concerned, is the Archives of the Attorney General of the Cape of Good Hope. A truly remarkable amount of reports on matters relating to warfare found their way into the A.G.'s files.

A comprehensive index completes a book which is well-worth reading, and which is unreservedly recommended.

J. F. Preller.

Macmillan, Mona: *Sir Henry Barkly, mediator and moderator, 1815-1898.* Pp. VIII, 302. A. A. Balkema, Kaapstad, 1970. R7-50.

Toe sir Henry Barkly in 1870 goewerneur van die Kaap geword het, was hy reeds 'n ervare staatsman. Hy is in Skotland gebore en sy karakter vertoon die halstarrige deursettingsvermoë wat aan soveel van sy landgenote eie is. Reeds op jeugdige leeftyd het hy kennis gemaak met die probleme van suikerplantasies, die verhouding werkgewer-werknemer, blanke-nie-blanke, die werkvrees van die geëmansipeerde slaaf, die kapitale verliese wat die suikerboere as gevolg van tekort aan

werkkragte ondervind het. In 1849 word hy goewerneur van Brits-Guiana. Deurdat hy met dié omstandighede op hoogte is, kan hy 'n neutrale standpunt handhaaf en hy slaag daarin om verantwoordelike regering in te stel en om die land se geldsake in orde te bring. Hierdie twee gesigspunte van regering, verantwoordelike bestuur en gesonde geldsake, sal ook by sy volgende aanstellings telkens die meeste van sy kragte vereis: in Jamaica, in Victoria (Australië), op die eiland Mauritius. Selfs waar daar reeds verantwoordelike regering bestaan, is dit nog sy taak om geldsake te verbeter en daarvoor te sorg dat regeringsake goed verloop. Ons leer hom ken as 'n onkreukbare eerlike amptenaar en 'n ervare verteenwoordiger van die Britse beleid ten opsigte van die ryksdele in die middel van die 19de eeu.

Vir ons is die tweede helfte van die boek, wat die goewerneurskap van Barkly aan die Kaap beskryf, natuurlik die interessantste. Vir hierdie hoofstukke is gebruik gemaak van baie nuwe materiaal: familie-argiefstukke, briewe en ander dokumente, waarvan party baie versprei is. Barkly verskyn gevolglik in 'n ander lig as wat tot nou toe die geval was: minder 'n onpopulêre Kaapse goewerneur, meer 'n verteenwoordiger en uitvoerder van die koloniale beleid in Londen. Dat daardie kantoor, o.a. as gevolg van Carnarvon se insigte, sy beleid begin hersien en meer aandag gegee het aan die begrip kroonkolonie as aan verantwoordelike bestuur, het sake vir Barkly nie makliker gemaak nie. Hy het die nuwe opvattings met wantroue beskou en as man ter plaatse het hy ruimskoots rede gehad vir sy opvattings. Misverstand tussen Carnarvon en Barkly kon nie uitbly nie. Daarenteen is dit opvallend hoe goed die goewerneur met Molteno oor die weg kon kom. Die Afrikaanse groep aan die Kaap het in belangrikheid toegeneem. Die Boere-republieke bly sterk op die agtergrond, soos hulle waarskynlik vir 'n 19de eeuse Kaapse goewerneur ook in werklikheid beskou is. Die anneksasie van die diamantvelde was nie 'n hoogtepunt in Barkly se loopbaan nie; die federasieplanne het baie hoofbrekens besorg.

Mens bly nogtans die gevoel behou dat die Britse koloniale politiek in die vorige eeu te veel afhanklik was van die mekaar opvolgende koloniale sekretarisse en te weinig bestendigheid vertoon. Teveel is besluit op grond van louter persoonlike gevoelens en opvattings, te min is geluister na die ervare verteenwoordiger op die besondere plek. Spesiale afgesante soos die skrywer Froude in die geval van die Kaap, beskou hulself belangriker as wat hulle is of behoort te wees. Vir die goewerneur is hy 'n las, vir die Kaapse ministers 'n pyniging, vir die opposisie 'n moontlikheid tot onverantwoordelikhede wat niemand ten goede gekom het nie.

Barkly kon hom nie na die veranderde sienswyse van Londen skik nie. Die Kaap was sy laaste goewerneurskap; hy is nie weer elders aangestel nie. Of die veranderde beleid gunstig geag moet word, is twyfelagtig. Moontlik kon bestendiging van verantwoordelike bestuur baie moeilikhede voorkom het. Dis duidelik dat onder sy goewerneurskap die verhouding tussen Brit en Afrikaner begin verskerp het.

Ons is partymaal geneig om ons geskiedenis te veel vanuit 'n lokale belangestandpunt te beoordeel. Daar is 'n groot verskil tussen Barkly as bouman van die anneksasie van Griekwaland-Wes en die Kaapse goewerneur wat met die koloniale sekretaris oorhoops gelê het. Hierdie boek gee ons ruimskoots geleentheid om party gebeurtenisse vanuit 'n wyer gesigspunt te beskou. Dat ons met sulke gebeurtenisse geen simpatie kan voel nie, maak aan die feite geen verskil nie. Dit maak die boek ook nie minder belangrik nie.

F. G. E. Nilant

Rhoodie, Eschel: *The Paper Curtain*. Pp. 212, Voortrekkerpers, 1969. Prys: R2.65.

Dr. Rhoodie het met sy vorige publikasies reeds afdoende bewys gelewer van sy kennis oor uiteenlopende aspekte rakende Suidelike Afrika. As 'n pers-attaché verbonde aan die Suid-Afrikaanse Ambassades in Australië en Amerika, Senior Inligtingsbeampte van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens in New York asook in Nederland, was hy in 'n posisie om eerstehand kennis te maak met die buitelandse siening van Suid-Afrika en sy unieke probleme. Hy het ook die geleidelike opbou van vyandigheid teenoor Suid-Afrika persoonlik beleef en kon dit as gevolg van sy besonder geskikte agtergrond, in perspektief plaas. Dit is o.a. hierdie verskynsel en die enorme aandeel van die wêreldpers en ander kommunikasie middele in die opsweep van 'n haatgevoel jeens Suid-Afrika, wat dr. Rhoodie onderhoudend in *The Paper Curtain* behandel.

In sy voorwoord stel die skrywer sy doel soos volg:

Hy wil aantoon dat Suid-Afrika 'n tydperk van verandering betree waarvoor ons in sommige gevalle nog totaal onvoorbereid is; veranderinge wat die buitelandse druk op Suid-Afrika sal laat toeneem. Ook wil hy 'n kyk gee op die „papier gordyn" wat oor byna elke positiewe aspek van die Suid-Afrikaanse leefwyse en ontwikkeling getrek word — aspekte wat, as dit korrek gerapporteer word, ons vyande se monde sal snoer. Hierdie „papier gordyn" het een doel, nl., om Suid-Afrika te isoleer. Diegene wat ons voortdurend beskuldig van 'n isolasiebeleid is dikwels juis verantwoordelik daarvoor dat 'n betekenisvolle gesprek met Suid-Afrika nie moontlik is nie.

Verder wil hy die redes probeer aantoon vir die wydverspreide buitelandse vyandigheid teenoor Suid-Afrika, die afkeur aan afsonderlike ontwikkeling en waarom gebeure in Suid-Afrika voortdurend op die mees negatiewe wyse aan die wêreld voorgehou word. Saamgaande hiermee wil die skrywer ook die indringing van die Kommunisme in Afrika en meer spesifiek in Suid-Afrika belig — veral aangesien hierdie gevaar oor die algemeen in Suid-Afrika nog erg onderskat word. Kortliks word ook gewys op die vrywording van Afrika — om aan te toon dat die tumult wat die proses kenmerk, voorkom in dele ver verwyder van Suid-Afrika.

Die skrywer waag enkele voorspellings met betrekking tot toekomstige sosiopolitieke ontwikkelings in Suid-Afrika en die verwagte wêreld reaksie daarop. Verder doen hy enkele voorstelle aan die hand hoe Suid-Afrika buitelandse vyandigheid kan teëwerk en ons aansien verhoog kan word.

*The Paper Curtain* soos sy voorganger *South West: The Last Frontier in Africa,* is sterk pro-Suid-Afrikaans. Ons vertrou dat dit soos lg. ook in die buiteland gepubliseer sal word.

N. O. Roos.

Pama, C.: *Heraldiek en Genealogie, een encyclopedisch vademecum*. Pp. 415, ill. Het Spectrum, Utrecht, 1969.

Dr. Pama, die bekende deskundige op die gebied van heraldiek en genealogie, wat vanaf 1955 in Suid-Afrika woon, het met hierdie boek 'n baie handige gids opgestel. Hy gee 'n baie uitvoerige inleiding oor die wese en die geskiedenis van heraldiek en genealogie, gevolg deur 'n groot aantal beskrywings van begrippe, persone, gebeurtenisse en instellings wat hiermee in verband staan. Waar nodig is daar 'n illustrasie ter verduideliking. Afgesien van heraldiek word baie bykomende sosiale en geskiedkundige verskynsels bespreek: die huwelik as wettige verskynsel,

die persoonskaart, regerende families, rederykerskamers, die bevolkingsregister en baie ander. Die werk eindig met 'n uitgebreide literatuurlys, 'n oorsig van familievanne, vlae, 'n register van heraldiese terme in Nederlands, Frans, Duits en Engels. Op 'n lys van belangrike adresse in hierdie verband vind ons die Buro vir Heraldiek in Pretoria, die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, die Heraldiese Genootskap van Suidelike Afrika in Kaapstad.

Suid-Afrika kry trouens tog reeds ruimskoots sy deel. Daar is 'n bespreking van die genoemde Buro vir Heraldiek, die Afrikaanse opvatting van die woord stamouers, wapens van Afrikaanse families. Die springbok en die blou kraanvoël, albei nasionale embleme, word bespreek. Daar word ingegaan op die gebruik van Latyn in wapenspreuke in Suid-Afrika, die gebruik van die skoolwapen, die registrasie van familiewapens in die Republiek. Vanselfsprekend gaan dr. Pama uitvoeriger in op die bekende Bell-Krynauwversameling in Kaapstad, waarvan hy self vroeër 'n grondige studie gemaak het (*Die Afrikaanse Familiewapens*, Kaapstad, 1959).

Die omskrywings is opmerklik kort en ter sake. Net iemand met die kennis van die onderwerp van dr. Pama kan sulke duidelike definisies gee van 'n gebied wat partymaal baie ingewikkeld kan word. Kortom, die boek is 'n goudmyn van inligting vir elkeen wat iets oor wapenkunde en familiegeslagskunde wil weet. Vir die historikus bevat dit baie kort algemene inligting wat mens nie sommer maklik in een boekie aantref nie. Vir ons is die boekie belangrik omdat daar soveel besondere aandag aan Suid-Afrikaanse begrippe en omstandighede aan die dag gelê word. Juis hieruit kan ons nagaan waar ons nou eintlik met ons heraldiek en familiekunde van ander lande verskil.

F. G. E. Nilant.

Arnold, D.: *Die Polykletnachfolge, Untersuchungen zur Kunst von Argos und Sikyon zwischen Polyklet und Lysipp.* Jahrbuch des Deutschen Archäologischen Instituts, 25. Ergänzungsheft, pp. XII/293, mit 40 Abbildungen und 33 Tafeln. Walter de Gruyter en Kie., Berlyn, 1969. DM 36.

Polykleitos van Argos is die derde van die grootmeesters van die klassieke Griekse beeldhoukuns (naas Pheidias en Myron) van die vyfde eeu v.C., en die belangrikste verteenwoordiger van die Dories-Peloponnesiese Skool van beeldhoukuns in die tweede helfte van die eeu. Sy werke — hoofsaaklik van brons — sluit beelde van gode in, maar by uitstek was hy 'n beeldhouer van jongelingsfigure (veral atlete) in 'n rustige staande posisie, en uitgebeeld volgens algemeen geldende proporsie-beginsels wat hy in 'n geskrif getitel *Kanon* of *Maatstaf* uiteengesit het. Twee van sy mees bekende werke wat hierdie beginsels beliggaam, maar wat slegs in Romeinse afbeeldings oorgelewer is, is die sg. Doryphoros of Spiesdraer. en die sg. Diadoumenos wat die oorwinningslint om sy hoof bind. Volgens die Ouer Plinius, *Nat. Hist.* 34, 19, 55 het die *Kanon* van *Polykleitos* — 'n naam waaronder ook die Doryphoros bekend gestaan het — vir sy volgelinge as wet of maatstaf gegeld waarvolgens hulle gewerk het.

Die Ouer Plinius en Pausanius verstrek aan ons die name van navolgers van P. (= Polykleitos) — bv. Patrokles, Naukydes, Daidalos en die jonger Polykleitos — en gee ook 'n opgaaf van sommige van hul werke waaruit dit blyk dat ook hulle, naas godebeelde (en enkele groter groepe), hoofsaaklik die figure van jong atlete gebeeldhou het.

In Arnold se „Einleitung" (pp. 1-5) vind ons haar probleemstelling soos volg uiteengesit:

In die kunsgeskiedenis het die oorgelewerde beskouing van P. se werk as model vir sy navolgers by die meeste geleerdes van die vorige eeu en die vroeë twintigste eeu tot die opvatting gelei dat die drie geslagte navolgers te Argos en Sikyon in die vierde eeu v.C. geen (of weinig) eie, selfstandige bydrae tot die beeldhoukuns gemaak het nie. Daarmee „sind die argivisch-sikyonischen Künstler des 4. Jahrhunderts v. Chr. . . . zu reinen Klassizisten geworden." (p. 2).

*Op grond van* bostaande beskouing, was die werke wat aan die P.-skool of P.-navolgers (= die skool van Polykleitos in die sin van sy navolgers) toegeskryf is, oorspronklik merendeel werke wat vandag as klassisties bestempel sou word. By die identifisering van ander werke van die P.-skool is die *eie* karakter, en die *ontwikkeling* wat dit aandui, misken. 'n Ander uiterste was dat antieke spore van hul verlore werke — bv. op voetstukke van dié werke waarop ook hul naamtekening voorkom — en wat totaal nie-Polykleitiese kenmerke toon (bv. ten opsigte van *houding*), as *Atties* gekenmerk is. „Aus den Epigonen Polyklets wurden Epigonen der attischen Kunst." (p. 4). In die jongste tyd kan daar weer, bv. by Hafner, 'n terugkeer tot die klassistiese opvatting van die P.-navolgers vasgestel word (p. 5, n. 26).

Teen hierdie agtergrond stel die skryfster haar taak soos volg: „Die vorliegende Arbeit macht den Versuch, den uns überlieferten Werken dieser Schule eine sinnvolle Entwicklungsgeschichte abzulesen und die in ihnen sich darstellende künstlerische Leistung in ihrer Eigenständigkeit zu erkennen." (p. 5).

In die daaropvolgende hoofstukke word hierdie ondersoek op 'n deurtastende wyse onder die volgende hoofopskrifte gedoen: I. Die schrifteliche Überlieferung. II. Die Standmotive. III. Von der Spätzeit Polyklets bis zur Jahrhundertwende. IV. Das Lysanderweihgeschenk. V. Vom Lysanderweihgeschenk bis zum Diskobol des Naukydes. VI. Die Blütezeit der Polykletschule. VII. Auflösung und Ende der Polykletschule. VIII. Polyklet und die Polykletnachfolge.

Aan die einde van hoofstuk VIII som die skryfster haar bevinding oor die verhouding van die lede van die P.-skool tot Polykleitos in vyf punte op (p. 232 e.v.), wat meer soos volg saamgevat kan word: „Nòg slaafse navolging van 'n ideale modelbeeld nòg volledige afwending, maar skeppende samehang kenmerk die verhouding van die Skool tot Polykleitos." (p. 233).

In die slothoofstuk (IX. Lysipp und die Polykletnachfolge) word die invloed van die P.-skool op die beeldhouwerk van Lysippos kortliks behandel. Daarna volg *Replikenlisten* (met kort kensketsings en/of literatuurverwysings, 'n *Abbildungsverzeichnis* en 'n *Tafelverzeichnis*, 'n *Register* (indeks sowel as 'n opgawe van antieke outeursbronne) en ten slotte 49 paginas sketse en illustrasies op glanspapier.

Die werk, van slapband voorsien, sit die hoogstaande tradisie van die Duitse Argeologiese Instituut en die uitgewers voort, sowel na wetenskaplike inhoud as in sy tipografiese aanbieding en versorging, en in die kwaliteit van die sketse en illustrasies. Dit is 'n belangrike bydrae tot die omstrede en tot dusver onvolledig ontginde kunsgeskiedenis van die Griekse plastiek van die vierde eeu v.C.

C. A. van Rooy.

Gutsche, Thelma: *A very smart Medal*. Pp. 246, 122 afb., 9 kaarte. Kaapstad, Howard Timmins, 1970. R8.

President Kruger was daarvan oortuig dat die Randse goudmyne spoedig uitgeput sou wees. Moontlik het hy onbewus daarop gehoop, omdat dit 'n oplossing sou bring vir sy emigrasieprobleme. Die ekonomiese terugslag wat onvermydelik

sou volg wou hy vervang met 'n gesonde en welvarende landboustelsel in die Republiek. In 1894 is die Witwatersrandse Landbouvereniging gestig wat 'n jaar later sy eerste uitstalling gehou het. Dit het daar gemoedelik toegegaan, soos met alles in die land, maar tot die instelling van 'n afsonderlike Departement van Landbou het dit egter nie gekom nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die Landbouvereniging planne opgetrek vir die hou van 'n jaarlikse uitstalling. Die regering het dit ondersteun, omdat hierin een van die moontlikhede gesien is om die verwoeste platteland weer op te bou. Na 1910 is die uitstallings beskou as 'n moontlikheid om versoening tussen Boer en Brit aan te moedig.

Afgesien van al hierdie politieke oorwegings, het die jaarlikse uitstalling in Johannesburg 'n weerspieëling van die Suid-Afrikaanse ekonomie geword. Eers die rustige agrariese samelewing in die ou Republiek, die begin van die industrie aan die begin van hierdie eeu, gevolg deur die koms van die motorindustrie, die soms skoorvoetende en nie altyd goed georganiseerde begin van moderne industrie en ten slotte die groot handels- en industriële ontwikkeling van die afgelope tien jaar. Nywerheid het omvangryker geword as boerdery en meganisasie van die landboubedryf is gedurig deur die Landbouvereniging aangemoedig.

Hoewel die myne die uitstallings gesteun het, maak ons tog kennis met 'n geskiedenis van gedurige geldtekort met 'n tegelykertyd toenemende eis van groter en ruimer geboue, beter en duurder organisasie, groter besoekersgetalle en 'n neiging om meer as een keer uit eie kragte uit te groei. Ons tref baie herinnerings aan:wie onthou nie die Zimbabwegebou en die goue suil van die Rykskou in 1936 nie! Dis opvallend hoeveel belangstelling die ou Randse geldmaganate deurgaans vir landbou, veeteelt en vrugteboorde aan die dag gelê het. Helaas het die name van voorsitters en sekretarisse, wat hulle vir hierdie uitstallings afgesloof het, partymaal selfs ten koste van hul gesondheid, in die meeste gevalle reeds in die vergeetboek geraak.

Deurdat die vroegste bronne deur brand vernietig is, moes geskiedenis van 1894 tot 1899 uit sekondêre bronne afgelei word. Daar is geen voetnote nie, maar vir wie uit die teks nie reeds die herkoms van die feite kan aflei nie, is 'n geannoteerde eksemplaar in die Openbare Biblioteek in Johannesburg ter insae beskikbaar. 'n Aantal bylae meld die oorspronklike huurkontrak van die grond, die presidente, sekretarisse, penningmeesters, ouditeurs, erelede, vooraanstaande persone wat die uitstallings geopen het, en die getal besoekers van 1895 tot 1970. Daar is 'n uitstkende indeks, 'n groot aantal foto's en nege landkaarte.

Die skryfster het daarin geslaag om van 'n beperkte onderwerp 'n breë oorsig te gee. Hoewel dit maklik in 'n droë relaas van feite en syfers kon ontaard het, het dit 'n boeiende relaas geword van 'n belangrike skouvenster van die ontwikkeling van industrie en nywerheid in Suid-Afrika.

F. G. E. Nilant.